Dalene Matthee SE LAASTE BOEK

Twee weke voor Dalene Matthee se dood, het sy op haar meesleurende manier vir Amanda Botha die aangrypende storie van haar laaste boek, 'Die Uitgespoeldes', vertel. Die boek verskyn later vandeesmaand

'Kom, jy's welkom. Ek gesels graag met jou," nooi die skrywer Dalene Matthee my in Februarie vanjaar binne toe ek aan haar woonsteldeur in Mosselbaai klop. Die uitsig op die see en die rustigheid van haar mooigoed om haar, het haar kennelik gelukkig gemaak. In haar slaapkamer beduie sy die voordeel: "Ek lê met my kop op die berge en met my voete in die see!"

Sy vertel eers van die versameling teddiebere wat pragtig aangetrek op 'n eie bank sit. Denkbeeldig is hul lewe ook met hare verweef. Doodernstig vertel sy van die een teddiebeer wat "so vloek en lelik praat" dat sy nou al 'n Kinderbybel vir hom aangeskaf het!

Toe trek sy onverwags en blitssnel weg: "Ek het 'n nuwe storie geskryf. Dit verskyn later vanjaar. Ek noem dit *Die Uitgespoeldes*. Ek wil só graag vir jou daarvan vertel, kan ek maar?"

Op só 'n verrassing - en bonus - was ek nie voorberei nie. Maar wie kan, as dié meesterverteller aan die woord is, jou nie verlustig in haar stories en veral die wyse waarop sy jou met die vertel daarvan intrek nie? Dalene het mos al by herhaling bewys dat sy van 'n flentertjie gegewe 'n onvergeetlike roman kan bou.

"Dis 'n Strandveldse storie wat so na my toe aangeloop het. Ek het nie geweet wat daarvan sou word toe ek meer as twee jaar gelede daaroor begin dink het nie. Baie, baie stukkies moes inmekaar val voor ek kon skryf. Ek moes in die kontrei kom. Self kyk, self praat, 'n video-opname maak, baie dik boeke deurlees en die talle leidrade opvolg."

Ek kon duidelik die plesier aanvoel wat sy gehad het om haar karakters en die gegewe aan my voor te stel. "Ek het glad nie geweet ek gaan so 'n boek skryf nie. Ná my goeie vriend Piet van As, 'n Strandvelder in murg en been, vir my die storie van die lord en lady en hul dinge vertel het, het iets kom vasmossel in my.

"Ek het nie gedink ek sal oor die lord skryf nie, maar so loop dit. Al wat ek gehad het om iewers te kon begin, was 'n sak vol legkaartstukkies waarvan ek hoop om sin te maak. Dit was maar hoe dit met al my boeke se beginne was. Tyd leer hoe die storie sy loop kry."

Met lekker koffie en koeksisters voor ons, vertel Dalene hoe Lord en Lady De Soumarez van die Britse adelstand hulle in die jare vyftig op Bredasdorp kom vestig het. Eers op die plaas Springfield naby Agulhas. Toe het hulle 'n strandhuis by die Walle gekoop en later weswaarts die plaas Ratelrivier, tussen Elim en die see. Die lord is aan die einde van die jare sestig oorlede, sy vrou sowat tien jaar later op die Isle of Man.

"Lord en Lady. Twee vreemde siele wat hier op die mees suidelike punt van Afrika kom uitspoel het om suutjies klaar te leef. Daar's ook Moses Swart, die een wat anders was. Hy het regtig op Rietfontein se baai uitgespoel. 'n Mirakel het hom opgetel en 'n flentertjie onthou diep in hom agtergelaat. Hier is die geheime van die see, die hoë branders wat jou tussen rotsriwwe kom induiwel en net vir die dood los."

Dalene se oë skitter soos dié van 'n alchemis. Sy weet sy't my volledig in haar greep. "Daar's die karakters wat vir Lord en Lady moes bystaan. Gewone, goeie mense wat in Ingels hul sê moes sê of tjoepstil bly."

Oor Hanna Hans van Elim wat Lord en Lady binne bedien het, begin Dalene eers met 'n draai vertel hoe hulle haar buite Bredasdorp op Elim, die sendingdorpie van weleer, besoek het. "Sy's so fyn. Ek kan haar soengroet!" Hanna is spesiaal, verduidelik Dalene nadruklik. "'n Mens moes jou woorde reg slyp as jy Lord antwoord. En Hanna met waar se Ingels sy gehad het, het saam met Lord-hulle Kaap toe gegaan en hulle getrou enduit versorg."

Sy't haar storie gaan haal by Piet van As se pa wat vir Lord gewerk

het. "Name het ek verander, maar dit was werklike mense, en ek het ook darem 'n bietjie getoor met sommige van die gegewe. Daar was werklik 'n Moses en 'n skaapwagter Hans Avontuur wat op die drenkelinge afgekom het. My storie is oor die mense. Hulle is van vleis gemaak.

"Ek het baie gesels, baie mense opgespoor wat Lord en Lady self geken het en ander wat by hulle gewerk het. My grootste vonds was toe ek 'n lord in Engeland kon opspoor wat die kleinseun van Lord de Soumarez is. Deur ons korrespondensie het ons goeie vriende geword.

"Daar was so baie dingetjies wat ek moes verstaan. Ek wou presies weet wat dinge beteken het - ook die goedjies wat die adelstand na die Strandveld gebring het. Ek het orals navraag gedoen oor die drie volstruisvere en nêrens 'n bevredigende antwoord gekry nie. Toe besluit ek my voornaam is nie verniet *Audacity* nie en ek skryf sommer aan Buckingham Paleis met my navraag.

"Ná 'n lang ruk het ek 'n deftige brief gekry van die *resident historian* wat my die ding fyn uitgelê het. Skryfwerk is erger as dobbel, jy moet net voortbeur.

"Ek moet doodseker wees van my feite - en detail is ook vir my belangrik. My storie skep ek self, maar die feite is die raam wat die stellasie regop moet hou.

"Jy weet nie watse plesier ek aan die mense gehad het nie. Die mens wat ek die meeste geniet het, is Katoeka, 'n vrou wat veldkruie geken het en dinge van ver af sien aankom het. Sy is 'n geskenk en die beste van alles: daar het werklik so iemand geleef."

Maar wat haar veral geboei het, was "die flarde hoë Engelse stand wat hulle in die Strandveld kom vestig het en soos die mense in Engeland geleef het.

"Soos altyd was daar ook die swart skape, die skandemakers, en nog 'n paar vondse, soos die voormalige Britse Eerste Minister, Harold McMillan, wat ook deel van die storie word."

So is Dalene. Sy vertel haar storie dat jy watertand wag vir die volgende stuk. Maar die slot en die betekenis van alles - "daarvoor lees jy my boek!"

Wat my ná my besoek heeltyd bygebly het - my laaste gesprek met Dalene, twee weke later is sy oorlede - was hoe sy haar hande voor haar gevou het en gevra het: "Sê my, werk my storie? Is dit vir jou mooi?" ⌘